PERSVEKLARING

« Jou Innoverende
Plantvoedingvennoot »

Kynoch

KYNOCH KUNSMIS VERKRYGING VAN SASOL SE ENDICOTT VLOEIBARE KUNSMIS BESIGHEID ONVOORWAARDELIK GOEDGEKEUR

Op die 9de Mei 2011, het Kynoch Kunsmis aangekondig dat ‘n ooreenkoms met Sasol Chemical Industries gesluit is om Sasol Nitro se Endicott vloeibare kunsmis besigheid te verkry, onderhewig aan die goedkeuring van die Mededingingskommissie. Die Kommissie het die oorname onvoorwaardelik goedgekeur op die 15de Augustus 2011. Die goedkeuring plaas die besigheid en fasiliteite onder die bestuur van Kynoch Kunsmis.

Die aankoop van die fasiliteit, geleë naby Springs op die oostelike hoëveld, is deel van Kynoch se breër strategie om sy kliënte en boere in die area met goed-geprysde, hoë kwaliteit vloeibare kunsmis te voorsien.

Kynoch Hoof Uitvoerende Beampte, Gordon Hesom, het opgemerk dat: “Kynoch een van die vroeë verskaffers van vloeibare kunsmis en verwante landbou dienste was aan sy kliënte regoor die land en is trots op sy uitbreiding deur die aankoop van hierdie fasiliteite.” Die verkryging is ‘n ideale uitbreiding tot Kynoch se huidige vloeibare kunsmis teenwoordigheid. “Dit is vandag ons plesier om Endicott se hoogs ervare span te verwelkom by die Kynoch familie. Ons wil graag boere wat tans deur die fabriek bedien word, sowel as ander boere in die omgewing, verseker dat hulle topklas vloeibare kunsmis produkte, dienste en advies kan geniet vanuit Endicott.”